



Verwysing: 20200923-8246
Lêerno.: 13/8/3
Navrae: CA Berry

Eksamenadministrasieminuut: 00011/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandideer vir die Nasionale Senior Sertifikaat-, Senior Sertifikaat-, en Onderwys en Opleiding vir Volwasse Vlak 4-eksamen voorberei

Onderwerp: Norme en standaarde vir die skool se instapkluis/brandkluis en die hantering van die instapkluis/brandkluis se sleutels

1. Die nuwe beleid betreffende die norme en standaarde vir die gebruik van kluis/brandkluis en die hantering van die instapkluis/brandkluis se sleutels is as **Bylae A** aangeheg. Die nuwe beleid vervang die vorige beleid wat in 2019 uitgereik is.
2. Prinsipale van skole en sentrumbestuurders word weereens versoek om hierdie nuwe beleid noukeurig te volg wanneer die November/Desember 2020 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-, Senior Sertifikaat (SS)-, en Onderwys en Opleiding vir Volwasse Vlak 4 (OOV V4) -eksamen geskryf word.
3. Die Departement van Basiese Onderwys en die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal die openbare en onafhanklike eksamensentrums tydens die afneem van die November/Desember 2020 NSS-, SS-, en OOV V4-eksamen oudit en monitor om te verseker dat die eksamenbeleid nagekom word.
4. Twee addisionele bylaes is by die nuwe beleid aangeheg vir implementering deur alle openbare en onafhanklike skole, en OOV-sentrums tydens die NSS-, SS-, en OOV V4-eksamen in November/Desember 2020.

Bylae 1 – (Register vir rekordhouding van toegang tot die instapkluis/brandkluis.)

Bylae 2 – (n Plakkaat met die kern inligting van die beleid betreffende die norme en standaarde vir die instapkluis/brandkluis en die hantering van die sleutels.)

5. Die plakkaat wat as **Bylae 2** aangeheg is, moet teen die deur van die instapkuis/brandkuis vertoon word. Die inhoud van die plakkaat moet ook gedeel word met die tersaaklike toesighouers wat by die administrasie en afneem van die eksamen betrokke is.
6. Prinsipale/sentrumbestuurders moet die beleid lees en die inhoud daarvan onder die aandag van alle personeellede bring.

GETEKEN: H MAHOMED

WND ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2020-10-12